



Skrifgedeelte: 1 Johannes 4:1-6
Fokusgedeelte: 1 Johannes 4:2, 3

Op 'n keer het Jesus vir sy dissipels gevra wie die mense en wie hulle sê Hy is (Matt. 16:13). Hulle belydenis was 'n belydenis wat nie uit hulleself was nie, maar wat van Bo gekom het, van God.

Daar is soveel godsdienste en gelowe, en in die Christelike geloof talle menings. Die Here waarsku teen die wolwe in skaapsklere, valse leraars en die Antichris. Die kind van God se anker teen die misleiding in die wêreld is God se Woord en Gees. Ons verhouding met God is op die getuienis van die Gees van God gebou. Sy getuienis is in die Woord vasgelê. Mense opinies is verwarrend en misleidend. Die getuienis van die Heilige Gees bring sekerheid.

Watter heerlike geloofsekerheid is dit nie!
Wie bely dat Jesus Christus mens geword het, is uit God gebore en dus kind van God!

Die kind van God is 'n mens wat bemagtig is om die getuienis te toets. Die ware gelowige aanvaar nie alles goedsmoeds nie. Hy wil die Here reg ken en suiwer aanbid. Hy wil aan die wêreld vertel dat Jesus die Christus is, die Seun van God. Hy is die Here deur Wie se krag ons die gees van die Antichris oorwin.

Wie Hom reg ken, smaak die oorwinning oor die Antichris daarin dat hy weet dat hy wat God en sy Seun ken, die ewige lewe het (Joh. 17:3). Dit is 'n mens wat deur die opinies van mense sien en die betroubare Woord van God in sy hart bewaar. Hy vind vreugde in hierdie Woord en leef daaruit!

**Toets getuienis of
dit van God is**



Publikasie
Publication



Nr./No.: E30